

Dinsdag 22 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 25:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 25:9

Die Gees van God sorg vir reg en geregtigheid, tot voordeel van sy kerk

Die apostel Paulus, as kerkplanter in die Nuwe Testament, se teenstand duur voort. Die Romeinse goeweneur Feliks kon hom nie finaal skuldig bevind nie, omdat Paulus nie geswig het deur aan hom omkoopgeld te betaal nie (24:26). In die verloop van twee jaar wat Paulus in die gevangenis was, het daar egter 'n band tussen Feliks en Paulus ontstaan wat niks anders was as 'n gespreksgeleentheid wat deur die Gees van God geskep is nie (24:26b). Tog het Feliks vir Paulus as gevangene vir die Jode agtergelaat toe hy deur Festus as goewerneur opgevolg is.

Weereens lees ons dat die Joodse leiers en priesterhoofde nog nie tevrede is nie, want hulle nader Festus om aan hulle 'n guns te bewys (25:3a), sodat hulle met voorbedagte rade Paulus om die lewe kon bring (25:3b). Die Heilige Gees sorg egter vir reg en geregtigheid, en Festus wyk nie af van sy mandaat om Paulus 'n regverdige verhoor te gee nie (25:9). Ten spyte daarvan dat hy die Jode 'n guns wou bewys, laat hy Paulus toe om voor die keiserlike regbank verhoor te word.

Hier sien ons hoe God die Heilige Gees “'n reguit hou met 'n krom stok slaan”. Ten spyte van die druk van die Jode en die feit dat Festus hulle 'n guns wou bewys, stuur die Heilige Gees die gebeure tog in die regte rigting om reg en geregtigheid te laat geskied. Paulus het hom op die keiser beroep, en na die keiser toe sal hy gaan, waar hy regverdig verhoor sou word.

Die Heilige Gees sorg só deur die eeue nog altyd vir die kerk van God. Wanneer die kerk dalk in 'n hoek gedruk is, bring die Gees die antwoord op gebede, die uitkoms uit omstandighede en verligting uit die nood!

Wie anders kan in die harte en die gedagtes werk van hulle wat heers en regeer ... tot voordeel van sy kerk? God alleen!

Sing: Psalm 135-1:1, 2, 3

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)